NR DESEMBER
NO 196 DECEMBER 2010

INHOUDSOPGAWE – CONTENTS

BLADSYE / PAGES

UIT DIE VOORSITTER SE PEN: DESEMBER 2010 2

INMAAKVRUGTEBEDRYF STEEDS IN OORLEWINGSTRYD 3

VERBRUIKER TENDENSE 3

CANNED FRUIT: REVIEW AND PROSPECTS 4

DIE WERKGEWER EN VERVOER VAN PLAASARBEIDERS 6

ONBEPERKTE POTENSIAAL? 8

PITTE IN DIE BOS / FRUIT BITS 10

2010 VRUGTE INDUSTRIE GALA-AAND 11

VERBRUIKERSTUDIE OLIMPIADE 11

KERSGROETE / FESTIVE GREETINGS 12

NUUSBRIEF uitgegee deur die
INMAAKVRUGTE PRODUSENTE VERENIGING
Hoofstraat 258
Posbus 414
PAARL 7620
TELEFOON: 021-8721401
FAKSIMILEE: 021-8722675
Email: inmaak@mweb.co.za

NEWSLETTER issued by the CANNING FRUIT PRODUCERS' ASSOCIATION
258 Main Street
P O Box 414
PAARL 7620
TELEPHONE: 021-8721401
FAX: 021-8722675
Web page: http://www.canningfruit.co.za

REDAKTEUR / EDITOR : WIEHAHN VICTOR

Reproduction of articles from this Newsletter to acknowledge DIE KRAT and author
Herdruk van artikels in hierdie Nuusbrief moet DIE KRAT en die skrywer erken

UIT DIE VOORSITTER SE PEN: DESEMBER 2010

Die afgelope jaar was weereens ‘n moeilike jaar vir die inmaakvrugtebedryf, met hier en daar positiewe verwikkelinge. Kyk ‘n mens terug oor die afgelope paar jaar wil dit voorkom of moeilike jare nou al die normaal begin word. Die vraag ontstaan dus wat gedoen kan word om die inmaakvrugte produsent se posisie te verbeter.

Na soveel maer jare sou jy verwag dat produsente alreeds baie gedoen het om by die situasie aan te pas, klaar kostes gesny het, onekonomiese boorde verwyder en produksies verhoog het. Jy kan egter net tot op ‘n sekere punt kom en daarna besef jy dat daar nie meer veel planne op die plaas oorbly nie.

Aan die fabriekskant was ‘n positiewe verwikkeling die koop van SA Del Monte deur Rhodes Food Group. Dit stuur ‘n positiewe boodskap aan produsente dat daar nog kans gesien word om verder te belê in die bedryf. Aan die negatiewe kant is daar die voortgesette instel van kwotas deur L&AF en die gepaardgaande dalende inkomste aan produsente kant. Dit is welbekend dat die huidige wisselkoers die grootste rol speel in die winsgewendheid van die bedryf, maar ons sal moet aanvaar dat dit nog geruime tyd so sal bly. Watter planne gaan dus nou gemaak word? Die bedryf sal nie veel langer op die huidige trant kan oorleef nie. Die pad vorentoe sal anders as in die verlede aangepak moet word, die ou rigting blyk uitgedien te wees. Die Engelse gesegde ‘think out of the box’ sal ‘n beginpunt wees – om innoverend te wees, om vinger te trek, om uit ‘n gemaksone te kom, is broodnodig. Dit sluit bemarking, nuwe markte, regeringsbetrokkenheid, ensovoorts, in.

‘n Teleurstellende appelkoosseisoen is al amper verby, terwyl die perske-oes binnekort sal begin. Hier lyk die produksie vooruitsigte meer belowend en hoop ons dat dit weerspieëlend is van die jaar wat voorlê.

Ek wil graag aan alle produsente ‘n Geseënde Kersfees toewens en ‘n voorspoedige 2011.

Anthony Dicey

INMAAKVRUGTEBEDRYF STEEDS IN OORLEWINGSTRYD

Die Inmaakvrugtebedryf is steeds in ‘n oorlewingstryd gewikkel na twee moeilike jare wat begin het met die wêreld ekonomiese resessie teen die einde van 2008. Die moeilike jare is gekenmerk deur laer vrugtepryse en hoër produksiekoste met ‘n sterk Rand wat uitvoere onwinsgewend maak.

Die gespartel om kop bo water te hou raak die boer sowel as die verwerker. Geeneen van hierdie twee partye, wat in die bedryf belê het, maak geld uit hul belegging nie. Inteendeel, dit is ‘n geval van verliese minimeer om te oorleef. Sprake van ‘n “vangnet” van regeringskant bestaan eenvoudig nie en is dit ‘n geval van self watertrap om te oorleef.

Op plaasvlak is **volume** en **prys** onder druk. Kwotas op lewerings, ‘n uiters teleurstellende klein appelkoosoes, vrugte wat nie ‘n huis het nie en leweringspoele maak dat gelewerde tonnemaat minder is. Verder daal vrugtepryse nou vir die tweede jaar in ‘n ry. Die laer tonnemaat teen ‘n verlaagde prys beteken net een ding: finansiële verliese. Die vraag kan tereg gevra word: hoe lank die produsente *(lees ook die bedryf)* nog kop bo water kan hou?

Soek ‘n mens vir positiewe ligpunte in ‘n donker situasie, is daar darem enkele lighuise om dop te hou. Die internasionale vraag en aanbod vir ingemaakte vrugte is in balans en pryse in buitelandse geldeenhede styg vir die Suid-Afrikaanse produk gegewe moeilike ekonomiese tye vir die verbruiker. Verder is daar ‘n goeie vraag na vrugte puree en die mark is besig om te herstel na sy ineenstorting. Die pureepryse wat gekwoteer word, is ook heelwat beter as die uiters lae vlakke van ‘n jaar gelede. Produk word verskeep en voorraad vlakke is laag.

Indien Suid-Afrika ‘n gunstige handelsooreenkoms met die EU in 2011 kan beding, sal dit ‘n geweldige positiewe invloed op die oorlewing van die bedryf hê. Die uitdaging bly steeds om aanpassings te maak om te oorleef.

VERBRUIKER TENDENSE

Tydens die SIAL Voedselskou in Parys, Frankryk, is die volgende verbruiker tendense waargeneem:

- Op die *korttermyn* het die wêreld resessie steeds ‘n negatiewe invloed op die besteebare inkomste van die verbruiker.
- Die verbruiker koop goedkoper produk en soek “bargains”.
- Die verbruiker koop minder en beslis meer selektief.
- Plastiek verpakking van ingemaakte vrugte neem veral toe in die VSA en Australië.
- Die verbruiker soek groter perskes.
- Op die *medium- tot langtermyn* is daar ‘n sterk vraag na voedsel produkte .

- Wiehahn Victor

CANNED FRUIT: REVIEW AND PROSPECTS

The year 2010 can be characterized as a year of survival. During the year, the canning industry encountered many headwinds, a number of storms and had to jettison both extra baggage and also sometimes valuable cargo. Most canners focused a great deal on cost cutting measures and cash flow preservation.

With regard to world-wide supply and demand, which is the key driver of trading conditions, there has been much detailed analysis and canners exchanged information and views at the World Deciduous Fruit Conference held in August in Xushou, China. From a SA perspective, fruit intake during 2009/10 was held stable, whilst fruit prices were substantially reduced. World 2009/10 production on the other hand was down as a result of lower production in Mediterranean countries and generally fruit prices were also down. Demand on the other hand remained relatively consistent with both volumes and prices holding up well given current economic conditions in our major markets. In this regard, canned goods remain well positioned as value for money and specifically canned fruit, besides its other attributes such as quality and nutrition, offers an affordable opportunity for indulgence.

The difficulties of managing canned fruit businesses in world markets were no more evident than in 2010. The extent to which we are subjected to external factors beyond our control is quite frightening.

On the one hand we have had to contend with increased world prices for sugar and cans which are of course driven by their own particular supply and demand dynamics. This not only complicates the competitive set within the global industry, but also the expected continued demand for steel in emerging markets and the effect on can costs is certainly a concern for the canned fruit category for the future.

Economic conditions continued to affect our daily lives – no more so than in the case of rates of exchange.

The flow of investment away from developed markets and into emerging markets including SA has seen the Rand appreciate nearly 20% versus Dec 2009. The continued weakness of the Dollar and other currencies have major implications for all and the impact of currency movements will continue to significantly influence 2011.

The prospects for 2011 will be dominated by:

- world-wide supply and demand; and
- currency movements

Current indications are that world-wide supply and demand is in relative equilibrium. Trading conditions however, remain tough in the current economic conditions and this will be especially evident in the developed economies. This would include the availability of credit with both the banking sector as well as the balance sheets of industry players under pressure.

The EU is also struggling under heavy debts especially in the Mediterranean countries. The UK has announced austerity measures; Greek debt will rise from 120% to 150% of GDP; Ireland has a banking crisis; and there is concern in the Euro-zone as to who is next!

As far as SA is concerned, the country has not remained unscathed. The banking system is healthy and debt as a % of GDP is at least half of the developed world. However, some 900,000 jobs have been lost and the official unemployment rate is now roughly 25%. This is especially disheartening given the possible social implications in a new democracy. The currency has appreciated significantly on the back of capital inflows.

Given that the majority of canned fruit is traded in the developed markets, it can be expected that a core strategy of current world players will be to vigorously defend their existing developed markets.

Conversely emerging markets seem well on the road to recovery. The economic crisis was largely a North Atlantic crisis and impacts mainly on those developed economies. Emerging markets will be the engine for future growth and expect large inflows of investment.

This may lead to stronger currencies, but it is unlikely to deter growth. Various emerging countries, including China, will also try to achieve weaker exchange levels to protect exports, but with varying degrees of success. The development of the Chinese canned fruit market, especially by their local manufacturers, will of course be most interesting. Emerging markets would include Africa as a frontier market albeit from a lower base and the positioning of SA is fundamental in this regard and also motivation for its application for inclusion in the BRIC grouping.

An expected strategy is that forward thinking producers will target and intensify activities in these emerging markets for growth opportunities over the longer term. This will be in addition to their search for niche markets and products to increase value.

Based on supply and demand factors as well as currency movements, it would seem that 2011 will not experience a demand squeeze, but rather a margin squeeze. Canners with strengthening currencies will have to do all in their power to save margins. In SA one would expect some cutback in production and further reduced fruit prices.

R C Richards

South African Fruit and Vegetable Canners' Association

DIE WERKGEWER EN VERVOER VAN PLAASARBEIDERS

Werkgewers in die landbousektor moet op 'n deurlopende basis werknemers na en vanaf hul werksplek vervoer. Ongelukkig is dit so dat gedurende die afgelope paar jaar daar insidente plaasgevind het waar werknemers ernstig beseer en selfs oorlede is in ongelukke terwyl hulle na en vanaf die werksplek vervoer is.

In hierdie artikel wil ek kortliks inligting verskaf betreffende die vervoer van plaaswerkers en veral fokus op wat die Wet in die verband bepaal en/of vereis.

In die meeste gevalle waar werknemers deur die boer vervoer word, vind dit plaas op vragmotors, en/of bakkies. Dit is – in terme van die Wet – toelaatbaar, maar moet die Werkgewer daarop let dat daar baie definitiewe vereistes is waaraan daar voldoen moet word. Enige vragvoertuig, wat gebruik word om mense te vervoer, moet voldoende toegemaak wees tot op 'n minimum hoogte van 350 mm bokant waar die mense sit. In die geval waar werknemers op die vragvoertuig staan, is die vereiste dat sodanige voertuig toegemaak moet wees op 'n minimum hoogte van 900 mm bokant die staande persoon ten einde te verhoed dat 'n persoon van die voertuig kan afval gedurende die vervoer. Ander vereistes wat deur die Padverkeerswet, No. 93 van 1996 gestel word, is uit die aard van die saak dat die voertuig aan die minimum vereistes van padwaardigheid moet voldoen, die bestuurder oor die nodige en toepaslike lisensie moet beskik en dat die voertuig uit die aard van die saak nie oorlaai mag word nie.

Die vraag ontstaan onwillekeurig: Wat is die implikasies indien 'n voertuig wat deur 'n Werkgewer gebruik word om werknemers na en vanaf die werksplek/plaas te vervoer in 'n ongeluk beland en werknemers beseer en/of sterf as gevolg van die ongeluk? Is die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes hier van toepassing en kan werknemers en/of hul afhanklikes bepaalde eise instel? Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid en Werkgewers behoort hulle deeglik te vergewis van die bepalings ten einde hulself te beskerm.

Indien werknemers gratis deur die Werkgewer na en vanaf hul werk vervoer word, sal enige besering en/of sterfte as gevolg van 'n padongeluk deur die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes gedek word. Die rede hiervoor is dat so 'n situasie gesien sal word as 'n ongeluk en/of besering binne die raamwerk van 'n werknemer se diensverhouding met die Werkgewer.

Hierdie beginsels is veral belangrik waar die Werkgewer/Boer van seisonale werknemers gebruik maak en sodanige werknemers op 'n daaglikse wyse na en vanaf die plaas vervoer met 'n plaasvoertuig. Uit die aard van die saak sal dit hier dus krities belangrik wees dat die Werkgewer by die Vergoedingskommissaris behoorlik geregistreer is as Werkgewer en dat hy/sy op datum is met alle statutêre betalings. Indien 'n werknemer dan beseer word (of tot sterwe kom) gedurende sy/haar vervoer na/vanaf die werk met 'n plaasvoertuig, sal dan geregtig wees om 'n eis in te stel in terme van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes, maar kan nie ook 'n eis teen die Werkgewer instel nie. Dit spreek dus vanself dat, in gevalle waar die Werkgewer nie behoortlik geregistreer is in terme van die Wet nie, kan sodanige eis teen homself/haarself ingestel word. Behoorlike werknemerrekords (d.w.s. diensrekords, lone en oortyd wat betaal word, werknemeridentiteitsnommers, ens.) is hier van kritiese belang en die Werkgewer moet te alle tye volledige rekord hou van hierdie aspekte.

Bo en behalwe die eis wat 'n Werknemer teen die Vergoedingskommissaris kan instel, sal hy/sy ook geregtig wees om 'n eis teen die Motorongeluksfonds in te stel. Indien 'n werknemer (of sy/haar afhanklikes) reeds vanaf die Vergoedingskommissaris geld ontvang het, sal hierdie bedrag eers afgetrek word van die vergoeding aan hom/haar betaalbaar in terme van die Motorongeluksfonds.

Dit word ten sterkste aanbeveel dat GEEN PERSOON BUITE WERKSVERBAND OP ENIGE PLAASVOERTUIG VERVOER MOET WORD NIE. Die risiko is net eenvoudig te groot aangesien die bestuurder of eienaar van die voertuig wat in 'n ongeluk betrokke is en waar 'n persoon beseer en/of gedood is, persoonlik aanspreeklik gehou kan word. In uitsonderlike gevalle waar die Werkgewer wel mense buite werksverband vervoer, moet sodanige Werkgewer seker maak dat hy behoorlik vir sulke eise verseker is (d.i. Persoonlike aanspreeklikheidsversekering).

Addisioneel tot wat voorheen in hierdie artikel genoem is, is dit van kardinale belang dat die Werkgewer redelike instruksies instel wat betref die vervoer van werknemers. Hierdie instruksies moet aan elke persoon wat van die plaasvervoer gebruik maak, voorgehou word en dit sal raadsaam wees dat elke werknemer hierdie instruksies sal onderteken en dat daar behoorlik rekord van sodanige instruksies gehou word. Hierdie instruksies moet handel oor o.a. die veilige vervoer van mense, die gebruik van alkohol gedurende vervoer, baklei gedurende die vervoerrit, ens. Kriminele vervolging word nie uitgesluit waar daar nalatigheid aan die kant van die bestuurder van die plaasvoertuig of selfs die eienaar van die voertuig was nie. Roekelose bestuur en/of hantering van die voertuig onder die invloed van drank, nie-padwaardigheid van die voertuig, die bestuur van die voertuig sonder die nodige vereiste en geldige rybewys kan ernstige gevolge vir die Werkgewer inhou. Derhalwe is dit nodig dat hierdie aspekte deeglik deur die Werkgewer bestuur word en dat hy/sy alle redelike maatreëls instel in 'n poging om te voorkom dat hy/sy blootgestel kan word aan onnodige finansiële eise voortspruitende uit 'n ongeluk waarin werknemers beseer en/of sterf.

VIR ENIGE HULP/ADVIES INSAKE ARBEIDSAANGELEENTHEDE, SKAKEL GERUS DR. LEON BOSMAN (SELFOON: 083-414-5679)

ONBEPERKTE POTENSIAAL ?

ONBEPERKTE POTENSIAAL ?

Ek e-pos my vorige Die Krat artikel vir van my vriende. My laaste gedagte in die artikel meld dat ons oor onbeperkte potensiaal beskik en my vriend Louis laat weet vir my dat hy met my in gesprek moet tree oor dié opmerking, want dit klink na `n moontlike denkfout. As kritiese en analitiese denker, laat hy gewoonlik heelwat stof tot nadenke.

T.T. Cloete sê in sy *Heilige Nuuskierigheid*:
elkeen in sy eie ekso
is sy eie binnetoe
die binnekant van `n eie omtrek
elkeen pas in sy eie uitgeholde plek

Dus; elkeen van ons is uniek met elk sy eie potensiaal, maar waar pas die onbeperktheid in? Die beperktheid is beslis vanuit die 'ekso' en skelet; vanuit ons lyflikheid; vanuit die binnegoed en is ons 'binnetoe' die omtrek waarbinne ons die gees inperk. Die onbeperktheid is vanuit die "Spark of God" wat iedereen in hom ronddra volgens Paul Coelho se 'Manuel of the Warrior of Light'.

Die Spar op Piketberg het Robin Banks genooi as spreker en het hy die onderwerp van Victim to Victor behandel. Buiten dat die hele kerksaal vol mense geskaterlag het, het hy vele spykers op die kop geslaan. Hy het in `n mate gespot met ons legio van aangeleerde gewoontes waarmee die mensdom onbeperktheid beperk, asook potensiaal kelder. Deur ons grootword ervarings en ingeperkte denke kan die "spark of God" uitgedoof word, en is dit `n proses om dié vonk weer aan die gang te kry!

Laasgenoemde is dan in teenstelling met die boek '*Afstande*' van Dan Sleigh, wat die leser laat met `n gevoel van mense wat nie beheer het oor hul eie lewens nie. Soos Willie Burger in sy resensie oor die boek sê: '*Gewone mense se lewens word beheer deur kapteins, generaals en administrateurs, wat met wisselende mate van selfsug, eiebelang en gierigheid optree, maar wat op hul beurt ook nie regtig in beheer is nie.*' …die boek laat `n mens met `n melankolie oor die mens, wat steeds in die naam van gode, gemotiveer deur eiebelang, selfsug en hebsug, veldslag na veldslag veroorsaak en steeds vergeefs probeer om sin en patroon te vind uit dieselfde herhalende handelinge. 401 v.C. het die patrone al gemanifesteer en in die jaar 2010 kan die wêreld getuig van die patrone, wat steeds herhalend voorkom. Geen onbeperkte potensiaal kan `n snars verskil maak aan die dinge wat buite jou sirkel van invloed is nie en al bekommer jy jouself in `n depressie in, gaan min daarvan verander. Binne die realiteit wat '*Afstande*' weergee, is ons beperktheid dus nie net van toepassing op die lyf en die omtrek van ons eie gees nie, maar ook dit wat buite die sirkel van jou invloed is.

Waarin lê die onbeperkte potensiaal van ons as mense dan?
Dit begin by die aksie om jou fokus op die verlede vaarwel te roep. In die '*Manuel of the Warrior of Light*' staan: "*you will erase everything you had written in the book of your life up until now: restlessness, uncertainty, lies. And in the place of all this you will write the word courage. By beginning the journey with that word and continuing with faith in God, you will arrive wherever you need to arrive*."

Tweedens fokus op jou sirkel van invloed. Verander dit wat jy kan en ontwikkel die wysheid om dit wat jy nie kan verander nie, te laat. Werk hard aan dit wat jy kan verander in jou huis, tussen jou familielede, in jou werksplek, in jou gemeenskap en besluit waar jou 'uitgeholde plek' is sodat die potensiële impak maksimaal kan wees.

Derdens, klaar jou rolle uit en besluit op jou lewe se uitkomste. Visualiseer jou begrafnisrede as jy sukkel om te besluit hoe jou uitkomste moet lyk – dit help altyd. Plant en koester die sade ingevolge die vrugte, wat jy wil dra en rig jou denke, prate en dade daarvolgens.

Verder, volg Timoteus se raad om rustig te woon en te werk. Wees versigtig om verlei te raak deur hebsug, kyk blink dinge vir die leegheid wat dit kan inhou, werk hard en lewer daar waar jy gaan jou allerbeste. Skep jou eie hemel deur die regte denkprosesse en keuses te maak sodat jy jou gedagtewêreld bestuur en jou gedagtewêreld nie vir jou aan die neus lei nie.

Volgens Robin Banks (en die Bybel vertel oor eeue dieselfde wysheid) bepaal ons woordgebruik ons realiteit oor `n periode van tyd. Span dus jou woorde in tot diens van jou lewe en bou daardeur aan die toekoms wat jy graag sal wil leef. Jou onderbewussyn word geprogrameer deur jou woorde, dade en ervarings en dit raak jou hardeskyf, wat jou dryf tot dade en daarin lê onbeperkte potensiaal opgesluit of onbeperkte beperkings! Elke persoon kies sy eie woorde, jy kies jou aksies, jy kies jou toekoms en skep jou eie hardeskyf en daardeur jou daaglikse realiteit.

Die slotsom: daar is vele beperkinge in ons lewens, die geskiedenis herhaal wreedaardig reëlmatig en ons leef in Alice in Wonderland se "upside down world". Ons onbeperkte potensiaal is egter in die gees waar elkeen die "spark of God" as `n geskenk ontvang. Wat jy met jou geskenk maak verg moed en geloof, maar die vonk het die potensiaal om positiewe energie te genereer en om lig te maak waar jy gaan! Jou potensiaal is dan onbeperk!!!

Die uitdaging: word `n "Warrior of Light" in `n donker wêreld en omvorm die "upside down world" met jou positiewe energie. Waarom mag jy vra? Omdat jy kan…

Pitte in die Bos / Fruit Bits

CHINA'S CANNED PEACH PRODUCTION

Rising domestic demand and increased local prices are expected to push Chinese production of canned peaches to 370 000 tonnes in the 2010/11 marketing year, up from 335 000 tonnes last year. The rise in local consumption is likely to reduce exports of the product. According to industry sources, canned peach consumption is increasing in China while it is estimated that 65% of the total canned halved peaches produced in China are now consumed locally – up from 50% several years ago.

- FOODNEWS

CHILEENSE INGEMAAKTE PERSKES

Na 'n baie goeie winter met genoeg koue-eenhede verwag die produsente van Chili 'n groter perske-oes met goeie kwaliteit vrugte. Omtrent 80% van die Chileense ingemaakte perskes word in die Latyns-Amerikaanse mark verkoop, terwyl hul eie plaaslike mark redelik stagnant is. Hulle ondervind ook dat China met goedkoop ingemaakte perskes hul plaaslike mark infiltreer.

- PEACH FUZZ

ARGENTINE PEACH PRODUCTION

Argentine peach production in the 2011 calendar year has been pegged at 170 000 tonnes, of which 100 000 tonnes will be processed into canned peaches, with domestic consumption and exports expected to be higher than in 2010. Total domestic consumption of canned peaches in Argentina in 2011 is expected to increase to over 68 000 tonnes and canned peach exports are pegged at 32 000 tonnes.

- FOODNEWS

CHEMIESE SPUITSTOWWE

Chemiese spuitstof ontledings word weereens, soos in die verlede, van alle lewerings vrugte gedoen. 'n Boordmonster voor oes moet geneem word, terwyl daar gedurende die oestyd op 'n ewekansige wyse verdere monsters getrek word vir ontleding van chemiese spuitmiddels. Dokument no 34/2010 bevat die maksimum residu vlakke en chemiese middels wat gebruik mag word in die bedryf.

U samewerking word in dié verband waardeer.

2010 Vrugte Industrie Gala-aand

Foto: Johan Coetsee, Landbouweekblad

Mnr Gerrit van Rensburg (middel), Wes-Kaapse Minister van Landbou en Landelike Ontwikkeling, is hier saam met van die persone wat tydens 'n glansgeleentheid vereer is deur die Sagtevrugtebedryf, in die Grand West-casinokompleks in Kaapstad gehou op 10 September 2010.

Van links is **mnr JD Kirsten** van die Paarl, wat die toekenning vir Bedryfsleier in die vrugtebedryf ontvang het, **me Glenneis Kriel** van Farming SA, sustertydskrif van Landbouweekblad, wat die Izethelo toekenning vir uitnemende joernalistiek ontvang het, **me Vanessa Kruger** van Ceres, wat vereer is as Sagtevrugte Plaaswerker en **mnr Joseph Hendrickse** van Grabouw, wat die toekenning vir die Nuwe Toetreder ontvang het. **Me Lucienne Mansvelt** het die toekenning as Navorser van die jaar ontvang, maar was oorsee ten tyde van die Gala-aand. Die geleentheid is gesamentlik aangebied deur die Inmaakvrugtebedryf, Droëvrugte Tegniese Dienste, SA Tafeldruiwe, die Appel- en Peerprodusentevereniging, die SA Steenvrugteprodusente-vereniging en LNR Infruitec-Nietvoorbij.

Die Gala-aand 2010 is finansieel ondersteun deur Eerste Nasionale Bank.

VERBRUIKERSTUDIE OLIMPIADE

Die Vereniging het weer vanjaar 'n borgskap aan die Verbruikerstudie Olimpiade, wat deur die Universiteit Stellenbosch gereël word, toegeken.

Die doelwitte met die ondersteuning is:
- om verwerkte vrugte generies te promoveer;
- om 'n bydrae tot transformasie/opleiding aksies te maak.

Die Verbruikerstudie Olimpiade is vanjaar vir die 27ste keer aangebied. Die kompetisie, wat landwyd gehou word, het beslaan uit 'n totaal van 5304 (Graad 11 en 12) leerders, wat deelgeneem het uit 217 skole.

Ander borge wat ook betrokke is, is onder andere AMC Classic, Bernina, Defy, Heinz Foods, Huletts, Koejawel Produsente Vereniging, Lucky Star, Pick n Pay, Unilever, Lapa Uitgewers en Life & Leisure.

As jy raad vra,
ken jy eintlik al klaar die antwoord,
jy wil dit net nie weet nie....

Al ons Krat Lesers word
'n Geseënde Feesseisoen en Nuwe Jaar toegewens!

Voorsitter, Raadslede en Personeel
Inmaakvrugte Produsente Vereniging

CHRISTMAST IS NOT AS MUCH ABOUT
OPENING OUR PRESENTS AS OPENING OUR HEARTS

We wish all our Krat Readers
a Blessed Festive Season and New Year!

Chairman, Board Members and Personnel
Canning Fruit Producers' Association